Gen. 1: 1-3.    II ~~Die Bevel~~    LA/Kp 15 Mei 1960.
" ~~52: 6~~ 78: 1,4    Hand. 1: 1-8.
" ~~116: 3~~ 77: 4.

Luk. 24: 49 - Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.

Xtus is besig om sy Kerk voor te berei vir groot dinge, en hd. voorbereiding vind nou sy afronding in die 40 dae tussen sy opstanding en sy hemelvaart. Daar ~~sy~~ Eers konsentreer Hy op die boodskap wat deur sy Kerk uitgedra moet word: die Koninkryk van God; dan reik Hy 'n bevel uit i.v.m. die uitdra van dd. boodsk.; en gee Hy 'n belofte vir die toerusting om dit te kan doen.

Vm. luister ons na die bevel - a.s. Sondag na d. belofte: „Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat ..."

I 'n Ongewensde Plek:

Jerus. was nie d. gewone tuiste v.d. meerderheid v.d. volgelinge van Jesus nie: hulle was meestal v.d. noorde, van Galilea, v.d. platteland. Hoewel Jerus. vir hulle d. saamtrek-pt. was wat hulle godsd. betref, het d. gebeure v.d. afgelope dae by hulle 'n onaangename assosiasie gelaat: plek van vernedering vir hulle Meester (want hier is Hy gekruisig), plek van neerslag vir hulleself (want hier het hulle Hom verlaat en verloën), plek van vyandskap teen hulle boodskap (want hier was die leiers v.d. Joodse godsd. wat alles verwerp het wat hulle bely).

Daarby was dit 'n stad - met al sy invloede en uitwerkinge wat geensins gunstig was vir die

bevordering van die Evangelie nie: die gees van gejaagdheid, van oppervlakkigheid, van genotsugtigheid – alles was ook seker daar aanwesig. Hoe ~~leer~~ begin 'n mens nou om so 'n groot blok in so 'n stad te laat paswat?

En tog het d. Skrif in dié opsig vir ons 'n uitdaging wat ons nie kan ontwyk nie: ~~Gaan~~ dis na die stad Ninevé dat Hy vir Jona stuur; na Pinkster is dit die stad wat eerste aangedurf word en in baie gevalle verower word: Filippus gaan na Samaria (Hand. 8:8), Paulus se evangelie word 'n stads-evangelie: Antiochië (Hand. 13:44), in stad Filippi (Hand. 16:12) word d. evangelie begin in Griekeland; dan Efese, Athene, Korinthe (Hand. 18:10) waar Paulus d. duid. versekering kry: „Wees nie bevrees nie – want Ek het baie mense in hierdie stad"

→ Die algemene houding van duis. lidmate oor die roeping v.d. kerk in die stad: 'n fatalistiese oorgawe aan bestaande toestande, klimaat uitgaande v.d. veronderstelling: probleem te groot, mense te veel, atmosfeer te ongunstig – kan daar niks aan doen nie!

— Xtus se antwd:

II 'n Onontwykbare Eis: „Julle moet..." (~~Hand.~~ Luk. 24:49); het Hy hulle beveel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie (Hand. 1:4)

III 'n Ongedefinieerde Program: „Bly totdat..." (~~Hand.~~ Luk. 24:49); „om te wag op d. belofte van die Vader" (Hand. 1:4).